# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
# DUTCH REFORMED CHURCH

**Posbus/PO Box 13528**
**HATFIELD 0028 SA**
**Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380**
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za


10 Oktober 2015

## PASTORALE BRIEF N.A.V. DIE 2015 ALGEMENE SINODE

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Ons neem vrymoedigheid om aan u te skrywe oor die besluit wat die Algemene Sinode hierdie week oor selfdegeslagverhoudings geneem het. Hierdie vrymoedigheid spruit uit ons diep verbondenheid aan mekaar as mense wat Jesus as die Here bely. Dit is nie in die eerste plek die wêreld se media se taak om u in te lig oor ons besluit nie, maar dit is ons as familie se verantwoordelikheid om met u hieroor te praat.

Dit is nie die eerste keer dat ons as kerk hieroor moes standpunt inneem nie. In 2007, 2011 en 2013 is daar besluite geneem wat ons al voorheen met u gekommunikeer het. Ons was genoodsaak om weer oor die saak na te dink. Soos die vorige kere was dit vir ons moeilik. Met oop Bybels en biddende harte het ons as gelowiges saam na die wil van die Here gesoek. Dit is al wat saakgemaak het. Die probleem is net dat ons, soos die kerk wêreldwyd, as gelowiges van mekaar verskil oor wat die wil van die Here in hierdie saak sou wees. Juis daarom het ons moeite gedoen om in liefde met mekaar te praat oor hoe ons die wil van die Here hoor en verstaan in hierdie komplekse wêreld waarin ons leef. Daar was ‘n sterk gevoel dat verdere studie nodig is, maar uiteindelik het die sinode besluit dat ons nie kan bekostig om niks te sê nie. Om net stil te bly, sou te veel sê. Ons bied hierdie besluit met nederigheid aan as ‘n besluit wat steeds aan voortgaande besinning onderworpe is. Ons vra ook mooi dat u die besluit in sy geheel sal verstaan. U sal opmerk dat die besluit die ruimte ooplaat vir kerkrade om na gelang van hulle eie oortuiging en omstandighede te handel, dat daar voortgaande navorsing gedoen sal word, maar dat daar ook bepaalde besluite geneem is waaraan gevolg gegee gaan word. Vanselfsprekend binne die raamwerk van die liefde.

Ons het die volledige besluit so wyd as moontlik bekend gemaak (en heg dit ook hier onder aan). Die volgende punte is veral belangrik:

Die Algemene Sinode het verklaar dat beide hetero- en homoseksuele lidmate ten volle aan al die voorregte van die kerk kan deelneem. Dit sluit in dat dieselfde Christelik-etiese standaarde

vir alle persone geld wanneer dit by legitimasie en ordening kom – die Algemene Sinode maak geen onderskeid tussen persone nie.

Ons bevestig ons standpunt dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ‘n huwelik beskou word, maar gee ook erkenning aan burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou - en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

Omdat ons die diversiteit van beskouinge in die kerk erken, gee ons die reg aan kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël. Hierdie is ‘n besluit wat ruimte wil maak, wat gemeentes wil toelaat om vanuit oortuiging en nie onder dwang nie na God se wil te soek.

Ons as Algemene Sinode onderneem om in die tyd wat kom alle regsimplikasies, byvoorbeeld rondom burgerlike verbintenisse, te ondersoek en inligting aan sinodes en kerkrade beskikbaar te maak. Ons onderneem verder om materiaal te ontwikkel waarmee ons lidmate en gemeentes kan begelei, maar ons versoek alle lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om ook selfstandig te gaan soek na die toepassing van die boodskap van die Bybel in hierdie verband.

Die sinode het ook talle ander besluite geneem. Ons het onder meer besin oor die gestuurdheid van ons kerk na die wêreld. Ons getuienis oor Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker is beklemtoon. Jeugbediening was ‘n belangrike fokus van die vergadering. Ons het ook goed nagedink oor die kerklike media, die praktyk georiënteerdheid en toeganklikheid van teologiese opleiding, armoede, kerkeenheid en maatskaplike geregtigheid. Oor hierdie en nog veel meer sake is die leiding van die Here gesoek.

Die kerk is vir ons ‘n veilige ruimte waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en waar ons onsself voortdurend afvra wat vir die Here aanneemlik is (Ef. 5:10). Dit is ons behoud. Dankie dat ons as lidmate van die NG Kerk die pad lojaal-krities saam kan aanpak. Ons het mekaar meer as ooit tevore nodig. Laat ons steeds aan mekaar en bo alles aan Christus vashou.

Groete van julle broers in Christus

**Nelis Janse van Rensburg en Dirkie van der Spuy**

**Moderator en assessor van die Algemene Sinode van die NG Kerk**

**Die 16de vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk se besluit oor selfdegeslagverhoudings:**

1. Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

2. Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ‘n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

3. Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ‘n huwelik beskou word.

4. Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou - en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

5. Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

6. Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

7. Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ‘n gees van Christelike liefde te doen.

8. Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ‘n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ‘n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In lyn met NGB art 2 behoort besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

9. Die Algemene Sinode besluit om ‘n Christelik- Bybels- etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds ‘n soortgelyke opdrag op A.p172 punt 7.4 ontvang het.

10. Die Algemene Sinode besluit om ‘n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.